AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL NOVEMBER 2009
VRAESTEL 1

Oor die algemeen is hierdie vraestel baie swak beantwoord as gevolg van die feit dat dit deur derde- en vierdetaalsprekers beantwoord is. Onderwysers behoort hierdie feit deurgaans in gedagte te hou. Onderrigtegnieke en leeraktiwiteite in die klaskamer behoort bepaalde leemtes aan te spreek.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

Die leesstukke in hierdie afdeling was gepas vir die kandidate omdat dit binne hulle verwysingsraamwerk was.

Vraag 1

Caroline is 'n wenner
Die konteks van hierdie leesstuk was baie gepas en kandidate kon met Caroline se verhaal identifiseer.
Kandidate met goeie leesvaardighede het baie goed gevaar.
Leesbegriptegnieke behoort op 'n gereelde basis ingeskerp te word en daar moet veral gelet word op die spesifieke vraagsoorte soos: eenwoord-antwoorde, WAAR/ONWAAR + motiveringsvrae.
Kandidate moet ook uitgedaag word om 'n eie opinie omtrent 'n bepaalde saak te hê. Hulle het veral hier klei getrap.

Vraag 2

Cholera: Wat om te doen
Hierdie vraag is beter beantwoord omdat die vrae voor die hand liggend was.
Struktuurmerkers soos: Hoe lyk iemand ... Hoe voel iemand ... moet onderrig word.

Vraag 3

Die vertolking van die advertensie was oor die algemeen goed. Die besondere variasies/verskillende advertensies behoort onderrig te word. Eenwoord-antwoorde was ook hier 'n probleem. Onderwysers moet deurgaans streng nasien en leerders in toetse penaliseer indien hulle nie instruksies nakom nie.

AFDELING B

Vraag 4

Dit het duidelik geblyk dat kandidate vertroud was met die vaardighede om 'n bepaalde teks op te som. Daar is egter nog enkele leemtes:

- Die getal woorde word nie korrek aangedui nie. Indien kandidate 'n fiktiewe getal neerskryf, sal hulle gepenaliseer word. (Eksaminatore tel elke woord. Kandidate kan dus nie jok nie.)
- Kandidate moet afgerig word om hulle opsomming eers rofweg te skryf. Foute moet by die netjiese oorskryf vermy word.
- Instuksies moet noukeurig bestudeer word. (Kandidate het bv. opskrifte in die teks gebruik, terwyl daar 'n duidelike instruksie was dat hulle dit nie moes doen nie.)

AFDELING C: TAAL

Vraag 5

Taalaspekte moet by kandidate ingedril word en hulle moet aan die basiese taalkonsepte blootgestel word.
Voorbeelde: Meervoude, verkleining, geslag, voornaamwoorde, trappe van vergelyking, antonieme en sinonieme, die infinitief, eenvoudige gebruiksidiome, afkortings, woordeskat, spelling, ens.
Kandidate moet bewys wees daarvan let dat alle woorde in hierdie vraag korrek gespel moet word.
Omdat die vraag so lank is (24 punte) het kandidate dikwels hier gesukkel en punte verbeur as hulle antwoorde nie korrek genommer was nie.
As die basiese konsepte nie by kandidate ingeskerp was nie, het hulle in hierdie vraag baie swak gevaar.

Vraag 6

Hierdie vraag het baie goeie antwoorde opgelewer. Dit was verblydend om te sien dat die tipe vraagstelling vir die kandidate toeganklik was. Dieselfde formaat van die sinsleervrae moet in die klas onderrig en ingeskerp word.

Vraag 7

Kandidate behoort meer dikwels aan Afrikaanse spotprente blootgestel word sodat hulle die humor daarin kan verstaan en geniet.
Die infinitief-vraag was problematies. Hierdie aspek moet aandag geniet.

Vraag 8 en 9

Onderwysers kan verskeie klassituasies gebruik om vaardighede ten opsigte van kritiese taalbewustheid vas te lê. (Let veral op die skryfvaardighede. Kandidate sukkel dikwels om hulle emosies in woorde uit te druk.)
Kandidate moet aan baie voorbeelde in Afrikaans blootgestel word. Onderwysers moet daarteen waak om te veel in die klas te vertaal. Die Afrikaansonderwyser is dikwels hulle enigste rolmodel.

AFDELING D

Vraag 10 en 11

FEESMAAL saamgestel deur E A Swanepoel

Die seleksie van vyf kortverhale is die enigste voorgeskrewe werk vir kandidate wat Afrikaans Tweede Addisionele Taal aanbied. Onderwysers moet BAIE meer klem lê op die basiese verhaalinhoud. Tegnieke/vraagsoorte soos breinkaarte, vloeidiagramme, invulvrae en meerkeusevrae behoort ingespan te word om inhoud in te skerp. Die LOK-studiegids kan in dié verband met vrug gebruik word. Dit was teleurstellend dat kandidate nie die inhoud van die verhale geken het nie.